



# Reëls en Prosedures vir die Toekenning van Emeritusprofessorate en Emeritusmedeprofessorate

Verwysingsnommer van hierdie dokument	AP0034
HEMIS-klassifikasie	
Oogmerk	Om die toekenning van emeritusprofessorate te reguleer
Soort dokument	Reëls en prosedures
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Inwerkingtredingsdatum	1 September 2015
Hersieningsdatum	Na gelang van noodsaaklike aanpassings
Vorige hersienings	7 Mei 2019
Eienaar van hierdie reëls	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel
Institusionele funksionaris (kurator) wat vir hierdie reëls verantwoordelik is	Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne
Goedkeuringsdatum	29 Mei 2019
Goedgekeur deur	Aanstellingskomitee van die Senaat
Trefwoorde	emeritusprofessors; emeritusmedeprofessors

## **Die kern van die beleid**

Om die toekenning van emeritusprofessore en emeritusmedeprofessore te reguleer en om die reëls te stipuleer waaronder dit kan funksioneer.

### **1. Motivering**

Die titel 'emeritus-' word aan senior akademici by hulle aftrede toegeken ter bevestiging dat 'n akademiese loopbaan nie noodwendig op 'n sekere datum ten einde loop nie en dat senior afgetrede akademici tot die kennisbasis, bedrywighede en aansien kan bydra van die instelling waar hulle uit diens getree het. Afgetrede professore lewer onder meer gereeld lesings (openbare lesings sowel as in die klaskamer), skryf boeke of artikels vir vaktydskrifte of koerante, dien op nasionale en internasionale komitees en kommissies, en voer radio- en televisieonderhoude. Hierdie soort bedrywighede kan 'n onderriginstelling se handelsmerk bevorder.

Gevolglik kan emeritus-akademici 'n aanwinst wees in die Universiteit Stellenbosch (US) se strewe om die US se aansien as 'n voorste akademiese instelling met internasionale erkenning te versterk. 'n Bepalende faktor in die verwesening van hierdie oogmerk is die behoud en verbetering van die Universiteit se kennisbasis, iets wat volledig in lyn met die US se Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019 - 2024 is.

Deur prosedures vir die aanstelling van emerituspersoneel in te stel en hulle voorregte uiteen te sit, verseker hierdie dokument dat senior akademiese personeel lank voor hulle aftrede weet binne watter raamwerk hulle sou funksioneer indien hulle na hulle aftrede met akademiese werk sou voortgaan.

### **2. Aanstellingsprosedures**

Alle professore (d.w.s. volle professore én medeprofessore) word emerituspersoneellede op grond van die werklike akademiese posisie wat hulle tydens hulle aftrede beklee het. Dit sluit professore in wat gesamentlike aanstellings was (bv. in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), met kennisgewing aan die vennoot-werkgewer.

Die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB) identifiseer senior akademici wat in 'n sekere jaar gaan aftree, en lê dan hulle name en toepaslike emeritustitels (bv. Emeritusprofessor in Toegepaste Wiskunde of Emeritusmedeprofessor in Chirurgie) via fakultete se Akademiese Aanstellings- en Bevorderingskomitees aan die Aanstellingskomitee van die Senaat – die ASK(S) – voor tydens die voorlaaste ASK(S) vergadering van die betrokke jaar. Na goedkeuring word hierdie name opgeneem in die ASK(S) se verslag ter inligting van die Senaat en die Raad.

Tydens die laaste Senaatsvergadering van die jaar ken die Senaatsvoorsitter dan die toepaslike emeritusstatus toe aan die uittredende senior akademici wat volgens bogenoemde proses aangewys is. (Die prosedure is dat die Registrateur die kollegas wat nuwe emeriti sal word, se name aankondig, waarna die voorsitter sertifikate aan hulle oorhandig wat hulle emeritusstatus bevestig.)

Die sertifikaat se bewoording moet soos volg lui:

'Ter bevestiging dat die status van emeritus..... (professor/medeprofessor) in ..... by 'n amptelike Senaatsvergadering op ..... aan ..... toegeken is.'

Die sertifikaat moet deur die Registrateur sowel as die Rektor onderteken word.

### **3. Tipiese funksies van emeritus(mede)professore**

Emerituspersoneellede mag as vrywilligers by sekere US-bedrywighede betrokke bly, soos deur die Departementshoof aanbeveel en deur die Dekaan van die betrokke Fakulteit goedgekeur.

Die onderneem van hierdie funksies mag die volgende insluit:

Voorbeelde van funksies wat emeriti mag vervul:

- 3.1 Tree as studieleier vir nagraadse studente op (op voorwaarde dat dit gedoen word tesame met 'n studieleier of medestudieleier wat in normale diens van die US staan).
- 3.2 Publiseer akademiese artikels. Waar toepaslik, moet die US as die gasheerinstelling in sulke publikasies aangedui word.
- 3.3 Gee lesings op uitnodiging, veral oor spesialissonderwerpe.
- 3.4 Tree as mentor vir akademiese personeel op of is in die een of ander alternatiewe rol by personeelopleiding betrokke.
- 3.5 Tree as tutor vir voor- en nagraadse studente op.
- 3.6 Dien op navorsingskomitees, anders as dié van die Senaat, en op ander reëlingskomitees waar die betrokke afgetrede akademikus se spesifieke kundigheid van hulp kan wees ('n gekoöpteerde posisie, dus).
- 3.7 Dien in oorsig- en ondersoekkomitees of verrig ander advieswerk op versoek.

### **4. Regte, voorregte en verpligtinge**

Emerituspersoneellede word toegelaat om die titel 'emeritus-' te gebruik saam met die werklike pos en posisie wat hulle by hulle aftrede beklee het (bv. Emeritusprofessor in Bedryfsielkunde) soos dit op daardie tydstip op die Universiteit se stelsel aangeteken was. Emeritusstatus word gewoonlik lewenslank toegeken.

Daar bestaan geen standaard vir vergoeding in verband met hierdie titel nie. Emeriti mag vergoeding uit derdestroomfondse (eksterne bronne) ontvang indien die befondser toestemming vir uitgawes van so 'n aard gegee het. Indien emeriti versoek word om 'n kursus aan te bied of die een of ander amptelike taak te verrig, mag hulle die billike honorarium ontvang waarop daar ooreengekom word.

Emeriti wat steeds by navorsingsbedrywighede betrokke is, mag:

- 4.1 Voortgaan om navorsingsfondse te bestuur wat opgebou is voordat hulle afgetree het, onderhewig aan eksplisiete goedkeuring van die Departementshoof en die Dekaan van die betrokke Fakulteit, asook onderhewig aan die toekenningsvoorwaardes en normale administratiewe beheermaatreëls; en
- 4.2 om nuwe befondsing (asook NNS-gradering) aansoek doen, onderhewig aan die normale proses wat die goedkeuring van sodanige aansoeke verg.

Algemene regte en voorregte:

- 4.3 Emeriti het geen formele aanspraak op kantoor- of laboratoriumruimte nie. Indien 'n

emerituspersoneellid se bedryghede sodanige fasiliteite verg, moet die toestemming van die departementele hoof, dekaan of persoon wat vir die bestuur van die tersaaklike fisieke ruimte verantwoordelik is, verkry word.

- 4.4 Toegang tot parkeerplek sal verleen word na gelang van beskikbaarheid en teen betaling van enige toepaslike heffings.
- 4.5 Emeriti kan van 'n personeelkaart voorsien word om toegang tot geboue en ander fasiliteite te kry ooreenkomstig die bedryghede waarby hulle betrokke is. Die personeelkaarte van emeriti, net soos dié van ander personeellede, moet jaarliks heraktiveer word.
- 4.6 Emeriti mag toegang tot inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) en US-stelsels kry ooreenkomstig die behoeftes van hulle spesifieke gekontraakteerde verbintenis met die Universiteit, asook tot biblioteekdienste teen betaling van die toepaslike heffings soos van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal.
- 4.7 Emeriti mag hulle US-e-posadres behou indien hulle dit versoek, mits hulle die gepaardgaande koste dra wat die onderhoud van so 'n fasiliteit verg.
- 4.8 Met inagneming van die perspektiewe van die betrokke emeritus professor of emeritus medeprofessor, kan die status ontnem word indien die Universiteit so sou besluit na 'n volledige motivering van die betrokke fakulteitsbestuur aan die fakulteit se Akademiese Aanstellings- en Bevorderingskomitee met aanbeveling vir goedkeuring deur die ASK(S) en kennisgewing aan die Senaat.

## 5. Ondersteunende dokumente

Itemnr.	Naam van dokument	Status <i>(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)</i>

## 6. Verwante dokumente

Itemnr.	Naam van dokument	Status <i>(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)</i>